

Al laat ek God soms tydelik los, hou Hy my altyd vas!

Gelowiges sondig nog elke dag. Kyk maar wat het met Petrus gebeur! Die een oomblik het hy nog grootmoedig gesê (vers 33): “Here, ek is bereid om saam met U selfs gevangenskap en dood in te gaan.” ’n Paar uur later het hy Jesus drie maal verloën. Tog het Jesus vooraf vir hom gesê (vers 31-32): “Simon, Simon! Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het moet jy jou broers versterk.”

Al het Petrus swaar gesondig, al het hy God laat los en op homself vertrou en toe sy Here verloën, het God hom bly vashou. Jesus het vir hom gebid dat sy geloof hom nie begewe nie en vir hom ’n opdrag gegee om uit te voer wanneer hy weer tot inkeer gekom het. Soos wat Jesus vir Petrus gebid het, tree Hy ook op hierdie oomblik vir ons in by die Vader en werk Hy in ons deur sy Gees, sodat ons geloof ons ook nie begewe nie. So bly God ons vashou, selfs as ons Hom laat los het!

Daarom kan ons bely: “God, wat oneindig barmhartig is, neem weens die onveranderlike besluit van die uitverkiesing sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom af weg nie, selfs nie in hulle jammerlike sondeval nie.”

Omdat God genadig is, omdat Hy getrou is, omdat ons sy eiendom is deur Jesus Christus en omdat Hy ons uitverkies het, daarom laat Hy nooit toe dat sy kinders so ver of so diep in die sonde val dat hulle hulle in die ewige verderf stort nie! Wanneer Satan ons ook soos koring wil sif is dit ons troos en ons hoop en ons anker!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~